# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Oktober/October 2023

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



***Hamburgh Schimmel***

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

## Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper

Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson

Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee

Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Tel: 012 819 1594, Sel: 082 426 8703

E-pos: tiaandebruin0@gmail.com

### Nasionale Vise-President / National Vice-President:

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit, 1200, Sel: 082 452 4229, E-Pos: dirk@harmonie.co.za

### Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,

E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

### Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

### Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-van-die-Vaal:** Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,

E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

**Vrystaat:** Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,

E-pos: plakkers@wol.co.za

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street. 7322 Sel: 081 397 9960 E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,

E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,

E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,

E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Oostelike Provinsie:** Danie Strydom, 1 De La Fontein Street, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 072 353 9778,

E-Pos: strydomjdw@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** George Bell, Posbus 3, Zoar, 6656 Sel: 083 483 9969 E-pos bellgeorge@hotmail.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,

E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,

E-Pos: duanes@maverickcleaning.co.za


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Algemene inligting van die SASV | 2 |
| Editors Page / Redakteur se blad | 3 |
| Voorwoord - Shaun Smeda | 3 |
| BRVK Duiwedag en AJV - Christo Munnik | 4 |
| BRVK AJV Notule - Attie v Aswegen | 5 |
| Spesiale versoek vir hulp aan Leanè Munnik | 6 |
| Aviomed advertensie | 7 |
| BRVK Duiwedag - Tommy Laubscher | 8 |
| Noord Vrystaat Jongduifskou - Hennie Hattingh | 9 |
| Duiweuitstalling by Odensia Primêre Skool Piet Odendaal | 15 |
| Scoreboard and Rules | 16 |


## Birthdays /Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| **W071** | **-** | **Koos Conradie** | **01-Nov** |
| **K017** | **-** | **Mubarak Vaja** | **04-Nov** |
| **D022** | **-** | **Hein Hoffman** | **07-Nov** |
| **K045** | **-** | **Lionel Phillips** | **07-Nov** |
| **H080** | **-** | **At Nigrini** | **08-Nov** |
| **D040** | **-** | **Frik Butler** | **09-Nov** |
| **C038** | **-** | **Hennie Visagie** | **11-Nov** |
| **C023** | **-** | **Jannis Esterhuizen** | **12-Nov** |
| **W026** | **-** | **Bertie Wessels** | **12-Nov** |
| **W038** | **-** | **Kitty Botes** | **12-Nov** |
| **N026** | **-** | **Wayne Nicholson** | **17-Nov** |
| **N056** | **-** | **Shane Pollock** | **19-Nov** |
| **V057** | **-** | **Willem Nel** | **21-Nov** |
| **J002** | **-** | **Johan Nel** | **22-Nov** |
| **B004** | **-** | **Nollie Oosthuizen** | **24-Nov** |
| **K027** | **-** | **Pearl Strydom** | **26-Nov** |
| **H063** | **-** | **Pieter Neethling** | **27-Nov** |
| **B059** | **-** | **Chris Engelbrecht** | **28-Nov** |
| **B024** | **-** | **Willie van Zyl** | **28-Nov** |
| **H091** | **-** | **Lorenso** | **29-Nov** |

## New Members / Nuwe Lede

*PHILLIP SWEMMER B008*

*LIAM COFFEE JUNIOR G057*

*DEAN VENKETSE N060*

*LEHANDRA ROODT JUNIOR V060*

*RUAN GROENENSTEIN V062*

*ABRAHAM LANDMAN V063*

*HENDRIK STEENKAMP W091*



## Voorwoord

*Shaun Smeda*
*President Noord-van-die-Vaal*

***“’n Klein verandering vandag bring ‘n dramatiese verandering môre.” – Richard Bach***

Moeilik om te glo dat ons al reeds in September is hier waar ek skryf aan die voorwoord, die seisoene het reeds begin draai en die duiwe en duiweboere oorgehaal vir die broeiseisoen.

Die afgelope 3 maande was daar ‘n positiewe oplewing in die duiwe sport as ek so na die verskillende “whatsapp” groepe kyk. Daar is defenitief ‘n belangstelling geprikkel onder baie mense rakende ons geliefde sport. Die vraag wat ons ons self gaan moet afvra is hoe gaan ons dit reg kry om die belangstellendes te verander na lede?

Ek is sterk voorstander van vernuwing en verandering sonder om noodwendig die fondimantele beginsels te verander wat oor jare gebou is. Kom ons vat die SA`S 2023 en die positiewe terugvoering wat ons ontvang het na afloop van die skou en so ook die beplande aanlyn skou wat gedryf word om die sport te promofeer. Verandering is onvermydelik in meeste sport en besighede in die moderne wêreld om seker te maak dat jy nie stagneer, en vir daardie rede glo ek dat die innoverende denke wat ons deesdae sien onder lede geondersoek moet word en die geleentheid gegun moet word

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

om te sien of dit suksesvol en uitvoerbaar is.

Verder glo ek borge gaan 'n kritiese rol speel in die toekoms om fondse te verseker vir die suksesvolle aanbieding van 'n streek- en nasionale skou, en daarom gaan ons moet dink hoe ons waarde terug kan gee vir die borge vir hul bydrae tot ons.

Ek wil ook graag 'n beroep doen op al die lede om deel te neem aan die algemene jaar vergadering van jou streek wat binnekort sal geskied, bring die idees, bekommernisse en uitdagings na die tafel en word deel van die oplossing en die sukses van jou streek.

Ek wens almal n suksesvolle broeiseisoen toe en hoop daar word sommer baie kampioene geteel

Duiwe Groete



## *Birmingham Roller Vertoners Klub duiwedag en AJV*

***Christo Munnik***
***President BRVK***

Op Saterdag 26 Augustus 2023 het die lede van die BRVK by Tommy Laubscher se huis in Randfontein bymekaar gekom vir 'n duiwedag wat in die verlede baie keer uit- en afgestel moes word weens baie probleme wat opgeduik het. Covid 19 was natuurlik baie verantwoordelik vir die bogenoemde mislukkings.

Die dag het begin met lekker koffie en beskuit wat Tommy aan ons verskaf het en net daarna is die Algemene Jaarvergadering gehou. Daar was heelwat vrugbare bespekings gehou wat baie positief hanteer is.

Na die AJV het ons almal na Tommy Laubscher se hokke beweeg en lekker staan en kyk hoe sy SA Distance Rollers vlieg en rol. Sy duiwe is mooi en hulle rol baie goed. Tommy het ook vir ons skouhokke en loopringe gereed gehad om die twee rasse



Rollers te kon bespreek en hanteer. Baie leersame dinge het weereens uitgekom en na die bespreking het almal wat teenwoordig was erken dat hulle alweer iets nuut bygeleer het en dit het net weer die





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

belangrikheid van sulke duiwedae beklemtoon. Ek persoonlik het nog altyd net baat gevind daarby om sulke duiwedae by te woon.



***Notule van die Algemene Jaarvergadering van die BRVK***

*Attie van Aswegen*
*Sekretaris BRVK*

**1. Opening en verwelkoming:** Attie van Aswegen open met gebed en Christo Munnik heet almal teenwoordig welkom by die AJV en duiwedag.

**2. Teenwoordig:** Christo Munnik (Voorsitter), Attie van Aswegen (Sekretaris), Tommy Laubscher, Nando Oosthuizen, Harry Munnik, George Nell en Carel Laufs.

**3. Afwesig met verskoning:** Flip Koekemoer, Karel-Jan Smeda en At van Jaarsveld.

**4. In Memoriam:** Corrie Oosthuizen en Simon Jordaan.

**5. Aanvullende Items:** SA Distance Rollers

Tommy Laubscher vra of die lede van die SA Distance Roller klubs nie genooi kan word om hulle duiwe eenmaal op ‘n skou waar ook al, te kom skou deur net die inskywingsgeld te betaal nie. Die rede vir die voorstel is dat die lede van die SA Distance Federasie nie belangstel om aan die SASV te behoort nie omdat hulle nie weet wat dit behels om duiwe so te skou nie. Dit kan maak dat ons lede werf om aan te sluit by die SASV. Die Voorsitter onderneem om die saak by die SASV UK voor te lê.

**6. Notule van vorige vergadering:** Die notule word voorgelees en as korrek aanvaar deur almal teenwoordig.

**7. Sake Voortspruitend:** Die R50 ledegeld was ter sprake maar daar is besluit om dit so te hou. Duiwe met twee ringe wat geskou word is ook weer bespreek maar die Voorsitter het dit reggestel dat dit wel kan gebeur op die regte manier.

**8. Finansieële verslag:** Verslag nie beskikbaar nie.

**9. Algemeen:**

**1. Kleurklasse in skouskedule**

Daar word besluit dat die kleurklasse bly soos hulle is in die skouskedule.

**2. Toekoms van die SA Distance Roller**

Daar word besluit dat die duiwe deel bly van die BRVK om te kyk of ons meer lede kan kry om deel te wees.

**3. Hall of Fame**

Voorsitter noem dat daar kriteria bestaan oor die onderwerp en hy onderneem om dit aan al die lede beskikbaar te stel.

**4. Opleiding van Beoordelaars**

Daar word besluit dat daar weer in die nabye toekoms ‘n duiwedag gehou sal word om voornemende beoordelaars op te lei sodat hulle getoets kan word volgens die reëls van die SASV.

**10. SA Kampioenskap beoordelaars:**

Die volgende beoordelaars word benoem;

**10.1 Birmingham Rollers**

Tommy Laubscher en die alternatief is At van Jaarsveld

**10.2 SA Distance Rollers**

Christo Munnik en alternatief Carel Laufs

**11. Verkiesing van bestuur:**

Die bestuur is in 2022 verkies as volg:

**President:** Christo Munnik tot 2024

**Vise-President:** At van Jaarsveld tot 2025

**Sekretaris:** Attie van Aswegen tot 2025

**12. Trofees:**

**12.1 Beste Jong Birmingham**

Karel-Jan Smeda

**12.2 Beste Ou Birmingham**

Attie van Aswegen

**12.3 Beste Birmingham**

Karel-Jan Smeda

**13: Afsluiting:**

Vergadering word afgesluit en verdaag vir die duiwedag en lekker braai

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***Hulp word gevra vir een van ons lede, Harry Munnik, alreeds 36 jaar lid van die SASV, se dogter. Leanè Munnik is serebraal gestrem en benodig spesiale toerusting en behandeling om haar lewe makliker te maak en dit kos ongelukkig baie geld en die medies betaal nie altyd vir alles nie. As enige iemand dalk kan help deur 'n eenmalige bedrag of dalk deur 'n maandelikse bydrae, sal dit baie waardeer word. Die geld kan direk in haar bankrekening inbetaal word. Leané Munnik, Capitec account 1859637416***

***Baie dankie aan almal wat sovêr eenmalige skenkings gegee het en ook die wat maandeliks laat inbetaal, ons waardeer dit opreg***




## *Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub*



*President: Christo Munnik*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen*
*e-mail: attievanaswegen@gmail.com*
*Sel: 082 411 8483*

***Augustus 2023***



## Dear Aviomed Clients





We sincerely appreciate and take pride in Aviomed's involvement and sponsorship at the annual Fancy Pigeon SA Championship Show, hosted by the North of the Vaal and Western Transvaal. We are delighted to share our significant contributions to this remarkable event.

Aviomed, a company committed to supporting the well-being of pigeons and promoting excellence within the avian industry, took great pleasure in sponsoring various items at the SA Championship Show. Our contributions aimed to recognise the participants' dedication and talent while enhancing the overall event experience.

Firstly, Aviomed proudly donated five hampers awarded to the first three senior and two junior participants. These hampers, valued at R4000.00, were carefully curated to provide essential supplies and resources that aid in the care and maintenance of pigeons.

In addition to the hampers, we extended our support to the top performers in both the Senior and Junior classes. The top seven winners in the Senior class and the top three winners in the Junior class received Aviomed products, each valued at R532. This sponsorship, totalling R5,320.00, aimed to assist the winners in further enhancing the health and performance of their cherished pigeons.

Furthermore, we proudly sponsored Mr Phillip Lee, the overall winner of the SA Championship Show, a complete pre-breeding program valued at R8187.00. This comprehensive program will undoubtedly contribute to the success of Mr Lee's breeding efforts.

Aviomed would like to extend a warm congratulations to all the winners, as well as to the organisers for such a successful event. We at Aviomed consider it an honour to be associated with the SA Championship Show. The participants and organisers' passion, skill, and dedication align perfectly with our company's values. Through our sponsorship, we aim to encourage the pursuit of excellence within the pigeon community while promoting the health and well-being of these remarkable birds.









Once again, I extend my deepest gratitude for allowing Aviomed to participate in this prestigious event. We remain committed to supporting initiatives that foster growth, sportsmanship, and innovation within the pigeon industry.

**WE LOOK FORWARD TO FUTURE OPPORTUNITIES FOR COLLABORATION OR SUPPORT**

Kind regards

Dr Ockert Botha



## BRVK Duiwedag en AJV

***Tommy Laubscher***

Vroeg oggend, lekker gegroet oor 'n koffie en beskuitjie. Daarna het die vergadering afgeskop met die basiese formaliteite en die besprekings het begin. Die hoogtepunt van die vergadering sekerlik was, dat ons sal werk daaraan om roller vertoners getalle en belangstelling te wek en te groei.

Sekere voorstelle was gemaak hoe ons te werk kan gaan en Christo Munnik het ingestem om die gedagtes deur te voer na die uitvoerende komitee vir hul mening. Sodra ons klaring en goedkeuring kry sal ek en Carel Laufs die roller groepe, Unies sowel as die Federasie nader met die gedagte en dan die belangstelling op wek en terugvoering gee.

Die hoof gedagte was om die SA Distance roller in te trek by die BRVK en in die toekoms indien dit vrugte af werp heelwaarskynlik 'n naam verandering sal aanbring aan die vertoners klub.

Ons het soos dit roller telers beaam spoedig klaar gekry met die vergadering en buiten toe beweeg na die hokke toe. Die wind was baie sterk maar ten minste kon ons bietjie duiwe vlieg en 'n paar mooi rolle saam geniet en bespreek. Algemene gesprekke rondom die roller as duif en die sport het die lug vol gehang. Feite is dat die roller sport baie af geneem het oor die laaste jare, vernaam in die skou arena en legendariese vriende soos Corrie Oosthuizen, Chris van der Berg, Charles Botts en dies meer se name en herrinering was op ons lippe met bygevoegde danksegging.

Ons het lekker gebraai uit ouder gewoonte, gelag en goeie samesyn geniet. Van my kant af was dit great om vir Christo, Attie, George, Carel, Harry en een van ons jongelinge Nando hier te gehad het.

Ek het dit baie geniet en is in die toekoms bereid om weer die gasheer te wees vir ons klub funksie. Duiwe Liefde en Groete vir al ons vriende.




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**Noord-Vrystaat Jongduifskou: 9 September 2023 - Kroonstad**

*Hennie Hattingh*

| Region | Exhibitors | Entries |
|---|---|---|
| Noord Van Die Vaal | 3 | 30 |
| Noord Vrystaat | 12 | 122 |
| Wes Transvaal | 4 | 57 |
| Totaal | 19 | 212 |

## Raswenners Seniors

| Ras | Vertoner | Beoordelaar |
|---|---|---|
| Brunner | Hannes Diedericks | Renier Lee |
| Norwich Cropper | Hendri Botha | Renier Lee |
| Holle Cropper | Estreux Boerdery | Nardus Marais |
| Pigmy Pouter | Marleen Esterhuizen | Renier Lee |
| Voorburg Shield Cropper | Hendri Botha | Renier Lee |
| Canaria Cropper | Estreux Boerdery | Renier Lee |
| King | Hein  Hoffman | Renier Lee |
| Gros Mondain | Jaco Bester | Bertie Wessels |
| Mookee | PB Marais | Chris de Bruin |
| Carrier | Helene Roodt | Renier Lee |
| Dragoon | Wesmar Boerdery | Renier Lee |
| African Toy | Hein Hoffman | Chris de Bruin |
| English Trumpeter | Dries Cilliers | Bertie Wessels |
| Modena (Schietti ) | Chris de Bruin | Renier Lee |
| SA Botternek Tuimelaar | Estreux Boerdery | Renier Lee |
| Vienna Short Faced Tumbler | Derrick de Gouveia | Bertie Wessels |
| Felygehazaer Tumbler | Helene Roodt | Chris de Bruin |
| Oriental Roller | Hennie Hattingh | Chris de Bruin |
| Portuguese Tumbler | Jaco Bester | Bertie Wessels |
| Old German Owl | Hendri Botha | Awie Esterhuizen |
| Chinese Owl | Van Zyl-Boerdery | Attie van Aswegen |
| Birmingham Roller | Attie van Aswegen | Chris de Bruin |
| German Beauty Homer | Hein Hoffman | Nardus Marais |


SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub




*President: Bertie Wessels*
*e-mail: bertie_wessels@hotmail.com*
*Sel: 083 733 4191*

*Sekretaris: Ds Hennie Hattingh*
*e-mail: henniehattingh703@gmail.com*
*Sel: 082 923 3910*

*Prestigeskou*

*3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad*





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | |
|---|---|---|
| Working Homer | Dries Cilliers | Attie van Aswegen |
| American Giant Homer | Piet Odendaal | Renier Lee |
| American Show Racer | Van Zyl-Boerdery | Chris de Bruin |
| Polish Lynx | Hein Hoffman | Nardus Marais |
| Lahore | Hendri Botha | Awie Esterhuizen |
| Gimpel | Wesmar Boerdery | Chris de Bruin |
| Strasser | Hendri Botha | Chris de Bruin |
| Cauchois | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Scandaroon | Helene Roodt | Renier Lee |
| Old Dutch Capuchine | Hennie Hattingh | Renier Lee |
| Modeneser | Hendri Botha | Bertie Wessels |
| Dutch High Flyer | Chris de Bruin | Bertie Wessels |
| Coburg Lark | Jaco Bester | Renier Lee |
| Jacobin | Helene Roodt | Chris de Bruin |
| Frillback | Helene Roodt | Bertie Wessels |

## Raswenners Juniors

| Ras | Vertoner | Beoordelaar |
|---|---|---|
| King ( Junior Afdeling ) | Jaco Marais | Renier Lee |
| Vienna Short Faced Tumbler ( Jnr ) | Nadia van Aswegen | Bertie Wessels |

## Top 7 Seniors

| Posisie | Ras | Vertoner |
|---|---|---|
| Kampioenduif op Skou | German Beauty Homer | Hein Hoffman |
| 1ste Reserwe | Chinese Owl | Van Zyl-Boerdery |
| 2de Reserwe | Jakobyn | Helene Roodt |
| 3de Reserwe | Birmingham Roller | Attie van Aswegen |
| 4de Reserwe | Mookee | PB Marais |
| 5de Reserwe | Dragoon | Wesmar Boerdery |
| 6de Reserwe | SA Botternek Tuimelaar | Estreux Boerdery |

## Top 7 Juniors

| Posisie | Ras | Vertoner |
|---|---|---|
| Kampioenduif op Skou | King | Jaco Marais |
| 1ste Reserwe | Vienna Shortfaced Tumbler | Nadia van Aswegen |

Hoofbeoordelaar : Chris de Bruin

Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portugueses Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873



Oktober 2022

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873









# Christo Munnik
# Nasionale Beoordelaarsbeampte



*Teel met Roller duiwe vanaf 1963*
*en met Birmingham Rollers vanaf 1980*
*Teel nou ook weer met Barbs*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

**Oktober 2022**

We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229
















# Harry Munnik







Teel met Birmingham Roller
Oriental Frill - Blondinette
Oriental Frill - Satinette
African Owl
Holle Cropper
Dutch Highflyer
Gros Mondain



Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com

Oktober 2022


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229









# *Suid-Afrikaanse Homer Klub*



*President: Christo Munnik*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen*
*e-mail: attievanaswegen@gmail.com*
*Sel: 082 411 8483*

***Augustus 2023***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873









# Uil & StrikduifKlub

***Spesialiteitsklub vir:***

***Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu***
***en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)***

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**
**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**
**leendert270@gmail.com**

***August 2023***



### *Duiwe uitstalling by Odensia Primêre Skool*

***Odendaalsrus***

***Piet Odendaal***







Op 1 September 2023 tydens Odensia Primêre Skool se Lentefees is die lente behoorlik gevier. Daar was 'n pretstap, snaakse hoedkompetisie, spelkompetisie, gedigkompetisie, inkleurkompetisie, boomplantseremonie, entrepreneursdag, veteraanmotoruitstalling en die mooiste, 'n duiwe-uitstalling.

Ek, Hendri Botha en Dana Greyling het 16 rasse bymekaar gekry vir die uitstalling. Daar was ook 'n paar kapokkies en papagaaie uitgestal. Die uitstalling het baie belangstelling van die kinders en ouers gelok. Daar was heelwat navrae oor die duiwe asook oor die beskikbaarheid van die duiwe.

Ek beplan om volgende jaar 'n interaktiewe uitstalling te hou waar die kinders aan duiwe kan raak. So 'n uitstalling hou groot waarde in aangesien ons kinders baie min aan so iets blootgestel word. Hoe meer ons dit kan doen, hoe beter!

My opregte dank aan Hendri Botha en Dana Greyling wat hul dag opgeoffer het om die uitstalling te beman en die blootstelling van ons stokperdjie aan ons kinders moontlik te maak!


George Nell




*Teel met Syrian Dewlaps*
*en gaan poog om met hulle te vlieg*
*en ook met Birmingham Rollers*
*e-mail: georgenell42@gmail.com*
*Sel: 083 536 6917*



**Oktober 2022**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R250 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 2148 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 999 |
| 2. | Northern Cape: | 850 |
| 3. | Northern Freestate: | 762 |
| 4. | Eastern Province: | 450 |
| 5. | Freestate | 300 |
| 6. | Western Cape: | 0 |
| 7. | Eastern Region: | 0 |
| 8. | SW Districts: | 0 |
| 9. | KwaZulu-Natal: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

| | |
|---|---|
| 1. Noord-van-die-Vaal | 0 |
| 2. Vrystaat | 100 |
| 3. Noord Vrystaat | 0 |
| 4. Noord Kaap | 0 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873